# PASTORALE BERADINGSKURSUS:

## *HULP AAN DIE HELPERS – PASTORALE PERSPEKTIEWE RAKENDE STRES, UITBRANDING EN MEDELYE-MOEGHEID*

**Prof Wentzel Coetzer**

Om voortdurend betrokke te wees by die berading en geestelike begeleiding van emosioneel verwonde en getraumatiseerde persone kan uiteindelik 'n geweldige prys kos indien die geestelike leier en berader onkundig en naïef is en nie voorkomende maatreëls in plek het nie. Daar is daagliks talle leraars, beraders, maatskaplike werkers, terapeute, ens. wat hierdie risiko loop, en in talle gevalle het dit in die verlede emosionele ineenstorting, bedanking uit suksesvolle loopbane en selfs ook vernietiging van huwelike en ander intieme verhoudings tot gevolg gehad.

Teen bovermelde agtergrond word daar in hierdie kursus veral gefokus op die realiteite en risiko's gekoppel aan areas soos stres, uitbranding en medelye-moegheid. Tipiese simptome en kenmerke wat aanduidings kan wees van 'n emosionele storm wat op pad is, word bespreek - 'n verskeidenheid van moontlike aanleidende oorsake kom ook onder die loep.

Ten slotte word 'n hele aantal praktiese riglyne en voorkomende maatreëls aan die orde gestel, enersyds ter voorkoming van die potensiële emosionele gevare, en andersyds ook ter begeleiding van diegene wat reeds in die valstrikke vasgevang geraak het.

**Kursus oop vir almal**
**Akkreditering:** 5x CPSC punte
**Koste:** R275 pp
**Handboek te koop (opsioneel):** R370 (R250 plus R120 vir koerier)
**Navrae:** 0836600409 of e-pos: wentzelc@gmail.com
**Om te bespreek vir die kursus:** Klik op die volgende skakel:
https://forms.gle/F9gAP1VaD86Xobua8